



# Hoe om rangkentekens vir PD's en Verkenners aan te bied –erkenningsbaadjie

Gebruik die aanbieding en aktiwiteit om vir PD's en Verkenners te laat verstaan waar om graadwiele, spankentens, kommandolinte, ensovoorts op 'n erkenningsbaadjie aan te werk. Hierdie is veral handig vir Voorslag- en HW-vraestel-voorbereiding.

**Graad:** 2 tot 12 | **Onderwerp:** Voortrekkerdrag, Erkenningsbaadjie en Range

## **Stappe**

1. Gebruik die aanbieding (*PowerPoint*) **Erkenningsbaadjie Aanbieding** (DVD). Wys die aanbieding aan die jeuglede en verduidelik die verskil tussen gebiedswapens, kommandolinte, graadwiele, spesialisie-onderskeidings (kentekens), ensovoorts.
2. Benodigdhede vir praktiese aktiwiteit:
3. Erkenningsbaadjie
4. Karton – swart of blou
5. Rangkentekens
6. Gom en skêr
7. Druk bladsy 1 en 2 van die dokument **Erkenningsbaadjie** (in kleur) vir elke spanlid uit (DVD).



8. Volg die stappe soos hieronder. Sny die onderbaadjie, hemp en kentekens uit. Trek die onderbaadjie op die karton af en sny uit. Teken die knope op die baadjie. Vou die hemp sodat dit soos die foto hieronder vertoon en plak die rangkentekens op die regte plekke.

## **Wenke**

1. Sê betyds vir elke spanlid om gom en 'n skêr saam te bring.
2. Bring ekstra gom en skêre saam.
3. Vra ekstra vrae terwyl die aktiwiteit gedoen word om verveling te voorkom.

## **Waarskuwing**

1. Die rangkentekens is klein. Maak voorsiening vir 'n houer vir elke spanlid om rangkentekens in te sit of laat spanlede vooraf weet dat hulle 'n houer moet saambring.

